



NUUSFLITS

Vervoer van Lewendehawe per skip

T: (012) 349-1238/9

F: (012) 349-1240

www.rmaa.co.za



NUUSVRYSTELLING

(vir onmiddellike vrystelling)

VERVOER VAN LEWENDEHAWE PER SKIP

Die Roivleisbedryfsforum het kennis geneem van die dringende interdik van die nasionale Dierebeskermingsvereniging om die uitvoer van lewendehawe per see van Suid-Afrika na die Midde-Ooste te verhoed.

Die Roivleisbedryfsforum is 'n oorkoepelende organisasie wat uit 13 genomineerde lede bestaan wat elkeen die belange van spesifieke organisasies binne die roivleiswaaardeketting, van die primêre produsent tot by die verbruiker, verteenwoordig. Die Forum streef daarna om die vraag na roivleis en die beeld van die vleisbedryf as 'n geheel te bevorder; en streef ook daarna om die vertroue en respek van die algemene publiek te wen.

Die Roivleisbedryfsforum het 'n direkte en aansienlike regsbelang en mag nadelig geraak word deur 'n hofbesluit aangesien die Forum die belange en beeld van die roivleisbedryf beskerm en bevorder. Die nasionale Dierebeskermingsvereniging se hofaansoek kan indien dit suksesvol is, 'n direkte impak en bedreiging op die Suid-Afrikaanse roivleisbedryf hê. Daarom is die Forum baie besorg oor die hofaansoek.

Indien die Forum nalaat om 'n rol in die aansoek te speel en sou dit gesien word dat die Forum wreedheid teenoor diere goedkeur, wat hoegenaamd nie die geval is nie, kan dit die roivleisbedryf se beeld ernstige skade berokken en die gevaar bestaan dat die algemene publiek en die verbruikers van roivleis se vertroue afgebreek en selfs heeltemal vernietig kan word.

Om dié redes het die Forum, as rentmeesters van die roivleisbedryf, besluit om deel van 'n oplossing vir die bedryf te wees met die volgende standpunt :-

Enige aksie om die vervoer van diere per see te verhoed sal ondersteun word as daar enige bewyse van wreedheid teenoor diere is. Die OIE se kode vir die vervoer van diere per see, hoofstuk 7.2, is tans die dokument wat as riglyn in dié verband dien.

Die nasionale Dierbeskermingsvereniging se aansoek om 'n oorkoepelende verbod op die vervoer van lewendehawe per see, word egter nie ondersteun nie.

In die afwesigheid van 'n eie beleid of protokol wat die reëls vir die vervoer van skape per see bepaal, is die Rooivleisbedryfsforum van mening dat uitvoere toegelaat sal word onderhewig aan die OIE se kode vir die vervoer van diere per see, hoofstuk 7.2, 'n internasionale ooreenkoms waartoe Suid-Afrika verbind is.

Permitte behoort slegs toegestaan te word op die basis van streng nakoming aan die OIE-kode. Verder behoort daar 'n regeringsbeleid oor die uitvoer van nie net skape nie, maar alle lewendehawe per see te wees en die Rooivleisbedryfsforum sal so 'n protokol, gebaseer op wetenskaplike beginsels om die vervoer van lewendehawe per see te reguleer, ondersteun. Die riglyne moet vir Suid-Afrikaanse toestande aangepas wees.

Alle beweging van diere hou 'n sekere risiko in en daar word vereis dat 'n gesondheidsertifikaat uitgereik word. Dit vorm die basis van die internasionale handel van diere en diereprodukte. Die gesondheidsertifikaat word uitgereik deur 'n staatsveearts wat 'n posisie van vertrouwe geniet en dié proses verseker die veiligheid van diere en diereprodukte.

Die Rooivleisbedryfsforum het voor die hofprosedure geen toegang tot die veteriniêre gesondheidsertifikaat of invoerpermit gehad om te verseker dat die OIE-kode nagekom word nie. Die Forum is van mening dat enige permit en gesondheidsertifikate slegs uitgereik behoort te word as die OIE-kode nagekom word.

Indien die uitvoer van lewendehawe vir slagdoeleindes per see (bykomend tot aanvaarbare welsynprotokolle), ontwrigting in die rooivleisbedryf veroorsaak, sal handelsroetes gevolg word om sulke ontwrigtings te voorkom.

- 000 O 000 -

DATUM : 12 Junie 2020

NAVRAE:

Mnr Koos van der Ryst
Voorsitter : Rooivleisbedryfsforum
Sel: 083 303 7926

Mnr Simon Streicher
Bestuurder : Rooivleisbedryfsforum
Sel: 082 565 7910